Tel: 053 0505 986
Sel: 072 140 8634
E-pos: admin@jakkies.com
sport@jakkies.com
skoolhoof@jakkies.com

JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL

Piet Retiefstraat
Posbus 107
Jacobsdal
8710

NUUSBRIEF: 39 (22 - 29 November 2024)

OUERS

JAARBLAD

Ouers kan die jaarblad bestel teen **R200-00** 'n kopie. U kan kontant betaal of 'n EFT-betaling maak in die skool se rekening. Indien u 'n EFT betaling maak, gebruik u kind se naam en "JB" as verwysing, bv: "Jannie JB". Sien aangehegte afskeurstrokie wat na die klasonderwyser gestuur moet word. Leerders het almal vandag (Vr.) afskeurstrokies ontvang. Alle afskeurstrokies, kontant en bewys van betalings, moet na die klasonderwyser gestuur word. Daar sal tot die skool sluit, op 13 Desember, nog jaarblaaie beskikbaar wees om te koop.

NB: Indien u kind na die eksamen (26/11), nie terugkeer skool toe nie, moet u die skool asb. skriftelik daarvan in kennis stel. Baie dankie vir die ouers wat dit alreeds gedoen het.

RAPPORTE

Rapporte word op 12 Desember uitgedeel. Ouers kan dit tussen 09:00 – 10:00 kom afhaal. Ouers wie wil hê ons moet die rapporte vir hulle e-pos, moet die skool asb. skriftelik in kennis stel met die korrekte epos adres.

LEERDERS

UITSTAANDE BALKIES

Leerders moet asb. hulle uitstaande balkies by die kantoor inhandig wat hulle aan die begin van die kwartaal by die prysuitdeling ontvang het. Daar is nog steeds 'n klomp uitstaande.

LOCKERS

Leerders wat volgende jaar die skool verlaat, moet asb. hulle lockersleutels by die kantoor inhandig.

HANDBOEKE

Maak asb. seker dat jy al jou handboeke ingehandig het voor jy met vakansie gaan. Ouers moet asb. by die huis kyk vir uitstaande biblioteekboeke. Daar is nog 'n hele paar uitstaande. R100 boete per boek sal opgehef word.

GR7-SEREMONIE

Die gr7s skryf Dinsdag, 26 November hul laaste vak. Dit sal dan ook hul seremonie wees.
In gr1 het hul die klok gelui om hulle eerste skooldag te begin en nou gaan hulle weer die klok lui op hulle laaste skooldag. Ons gaan om 10:30 begin met die seremonie. Slegs leerders gaan op die verhoog wees, maar elke gr7 ouer word vriendelik uitgenooi om die byeenkoms by te woon.
Die skool sal net na die seremonie uitkom, waarna leerders kan verdaag.

....
T.E. MOSTERT
Skoolhoof

GEBEDSLYS:

Vir ons leerders vir die laaste paar vakke.